



TOM NEWBY SCHOOL TOETS



Vak	Afrikaans Addisionele Taal	Eksaminator	Mev. PE Theron
Datum	November 2021	Totaal	40 Punte
Sessie	1	Tyd	1 uur
Graad	4	Moderator	Mej. M Botha
Spesiale instruksies/toerusting	Instruksies <ul style="list-style-type: none"> • Lees jou vrae goed deur. • Moenie enige oop spasies los nie. • Skryf netjies en leesbaar. • Geen woordeboeke mag gebruik word nie. 		
<p>Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.</p>			

Naam: _____ Van: _____ Graad 4: _____

Hierdie vraestel bestaan uit:

- Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks (15)
 Vraag 2: Visuele teks (10)
 Vraag 3: Opsomming (5)
 Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies (10)

Sterkte met die toets!



Vraag 1: Literêre/ nie-literêre teks:**[15]**

Lees die teks deur en beantwoord die vrae wat volg.

Koos verjaar!

Koos word elf jaar oud. Hy wil graag 'n seerower partytjie hê. Hy gaan 10 maats nooi.

Sy ma sê hulle kan Saterdag winkel toe gaan om goed vir die partytjie te koop.

Toe hulle by die winkel kom, laai Koos die volgende in die trollie: 10 wit balonne met seerowers op, 10 swaarde, 10 seerowerhoede en 10 seerowerbaarde. Sy ma bestel ook 'n groot seerowerskip koek.

Koos kan nie meer wag vir die partytjie nie. Sy oupa gaan vir hom 'n klein swart hondjie saam bring as 'n geskenk. Oupa woon in Pretoria. Die hondjie se naam is Wollie en hy het kort swart hare. Ouma het vir Wollie 'n pragtige rooi trui gebrei.

Koos se pa sal op sy verjaarsdag, 7 Desember, vir al die seerowers wors braai. Boetie gaan met sy kamera fotos neem van die partytjie.

Daar is nog net vier dae oor voor die partytjie.

Geskryf deur: PE Theron

Aantal woorde: 150

Vrae:

1.1. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

(1)

... is die hoofkarakter in die storie.

- A Don
- B Koos
- C Ouma
- D ma

- 1.2. **Omkring** die letter langs die korrekte antwoord. (1)
Hy word ... jaar oud as hy nou verjaar.
- A een
B nege
C elf
D twaalf
- 1.3. Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? (1)
Sy ma bestel 'n groot seerowerkoek. _____
- 1.4. Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? (1)
Toe hulle by die winkel kom huil Koos. _____
- 1.5. Op **watter dag** van die week verjaar hy? (1)

- 1.6. **Hoeveel** maats nooi hy na die verjaarsdagpartytjie toe? (1)

- 1.7. Watter **kleur** is die balonne? (1)

- 1.8. **Wie** gaan die vleis braai? (1)

- 1.9. Ouma is besig om te brei. **Wat brei sy?** (1)

- 1.10 In watter dorp woon ouma en oupa? (1)

- 1.11. Wat gaan hulle op die verjaarsdag partytjie **eet**? (1)

- 1.12. Watter belangrike werk moet **Don** by die partytjie doen? (1)

- 1.13. Wat bring **oupa** as 'n geskenk saam? (1)

- 1.14. Is Koos **gelukkig** of **ongelukkig** in die storie? (1)

1.15. Het jy van die storie gehou? **Gee 'n rede.**

(1)

Totaal Vraag 1 [15]

Vraag 2: Visuele teks

[10]

Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.



2.1. Wat dra die seerower **op sy kop**? Omkring die letter van die antwoord wat jy kies.

(1)

- A) Voël
- B) Swaard
- C) Belt
- D) Hoed

2.2. Kies die **kleur** van sy skoene? Omkring die letter van die antwoord wat jy kies.

(1)

- A) Swart
- B) Wit
- C) Bruin

2.3. Is die volgende sin **waar** of **vals**?

(1)

Die seerower het 'n baard om sy mond. _____

- 2.4. Is die volgende sin **waar** of **vals**? (1)
Die seerwoer hou sy swaard in sy regterhand. _____
- 2.5. **Omkring** die regte antwoord. (1)
Watter tipe dier sien jy op die prent?
A) voël B) hond C) vis
- 2.6. Met **hoeveel** oë kyk die seerower? (1)

- 2.7. Is die seerower **gelukkig** of **ongelukkig**? Motiveer jou antwoord. (1)

- 2.8. Waar sit die **dier** op die prent? (1)

- 2.9. Waarvan is die seerower se stokbeen gemaak? (1)

- 2.10. **Wie** het 'n blou stert? (1)

Totaal Vraag 2 [10]

Vraag 3: Opsomming (5)

Rangskik die volgende sinne in die **regte volgorde**. Skryf die letter wat pas, langs die nommer.

- A. Saterdag gaan hy en sy ma winkel toe om die seerower partytjie se goed aan te koop. (1)
- B. In die begin hoor ons dat Koos verjaar en elf jaar oud word. (1)
- C. By die winkel laai Koos al die seerower partytjie items in die trollie. (1)
- D. Daar is aan die einde van die storie nog net vier dae oor voor die partytjie. (1)
- E. Oupa gaan vir Wollie as 'n geskenk saambring. (1)

1.	2.	3.	4.	5.
----	----	----	----	----

Totaal Vraag 3 [5]

Vraag 4: Taal in konteks**[10]**

4.1. Omkring die korrekte **sinoniem** vir **mooi**. (1)

pragtig	snaaks	rond
---------	--------	------

4.2. Omkring die korrekte **antoniem** vir **min**. (1)

uur	goedkoop	baie
-----	----------	------

4.3. Gee die meervoud vir **ballon**. (1)

Een ballon, baie _____.

4.4. Onderstreep die **korrekte spelling** van die woord. (1)

Oupa bring as geskenk 'n (**hont** / **hond**) saam.

4.5. Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin. (1)

Oupa braai die wors.

4.6. Skryf die volgende sin in die **ontkennende vorm** neer. (1)

Koos se ma brei 'n serp.

4.7. Kies die regte **sinsoort** vir die sin. (1)

Hoe oud is jy?

A) Bevelsin B) Vraagsin C) Stelsin D) Uitroepsin

- 4.8. Skryf die sin oor met die regte **hoofletter**. (1)

Die hondjie se naam is wollie.

- 4.9. Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. (1)

Seerower = _____

- 4.10. **Verbind** die volgende twee sinne met die woord tussen hakies. (1)

Koos verjaar. Hy gaan 'n partytjie hou. (**en**)

Vraag 4: Groot Totaal Vraag 4 [10]

Graad 4 Afrikaans Addisioneel November Eksamen 2021

Prestasie evaluering (vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: _____ Klas: 4 _____

Vraag 1:

Vraag nommer	1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10	1.11	1.12	1.13	1.14	1.15
Moontlike punt	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder Punte															

Totaal: _____

Vraag 2:

Vraag nommer	2.1	2.2	2.3	2.4	2.5	2.6	2.7	2.8	2.9	2.10
Moontlike punt	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punte										

Totaal: _____

Vraag 3:

Vraag nommer	3
Moontlike punt	5
Leerder punt	

Vraag 4:

Vraag nommer	4.1	4.2	4.3	4.4	4.5	4.6	4.7	4.8	4.9	4.10
Moontlike punt	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punte										

Totaal: _____